Maandag 28 September
Skrifgedeelte: Openbaring 3:7-13
Fokusgedeelte: Openbaring 3:8
Gaan vorentoe en moenie Christus verloën nie

In die brief aan die gemeente in Filadelfia bring Christus 'n bemoedigende boodskap. Hy sê: *"Ek weet dat julle min krag het, en tog het julle aan my boodskap vasgehou en My nie verloën nie."*

Die gemeente in Filadelfia het geworstel met Jode wat beweer het dat daar geen redding vir die Christene is nie. Die gemeente het aangehou om te getuig van die hoop wat hulle in Christus het, maar aanhoudend teenkanting gekry. Dit het hulle moeg gemaak, daarom stuur Christus die boodskap vir sy kerk. Hy wil hulle bemoedig en aanvuur om te volhard.

Hulle kan moed hou, want Christus is in beheer. Hy het die mag om die deur vir die verkondiging van die evangelie oop of toe te maak. Dit gee hulle gemoedsrus, want nou kan hulle net getuig van die evangelie. Dit is nie hulle werk om mense te oortuig nie. Hulle moet aanhou glo in die evangelieboodskap van Jesus Christus en Hom nie verloën nie.

Dit is nie vir ons nodig om moedeloos te raak as ons nie resultate sien wanneer ons van Christus getuig nie. Ons is tog verseker dat die oorwinning reeds behaal is. Christus verseker sy kerk hulle teenstanders sal uiteindelik erken dat Christus sy kerk liefhet. Die deur wat Christus vir hulle oopgemaak het, bied 'n geleentheid vir vrugbare bediening, selfs wanneer omstandighede uitdagend is.

As gelowiges word ons verseker dat Christus ons deur tye van beproewing sal vashou. Deur volharding sal ons die oorwinning behaal. Ons sal soos pilare in God se tempel wees, met sy Naam en dié van die nuwe Jerusalem en Christus op ons geskryf.

Ons word uitgedaag om die Woord voortdurend te verkondig, ongeag die omstandighede. Dit is deur hierdie toewyding dat ons Christus se liefde en mag in ons lewens kan ervaar en dit aan ander kan bekendmaak. Hou vas en gaan voorwaarts met geloof.

*Sing: Psalm 18-1:1, 3*

*Ds. DJ (Dirk) de Bruyn (Mosselbaai)*